NHSV Dinamies vorentoe
80 1940 - 2020
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

17 Maart 2020

OMSENDBRIEF 3 / 2020

AAN ALLE VROUELIDMATE

Liewe Dames

Die aangehegte *Herderlike Skrywe*, gedateer 16 Maart 2020, is gestuur vanaf die kantoor van die Algemene Kommissie rakende die Covid-19 virus en risiko's verbonde daaraan vir ons in die kerk en die breër samelewing.

Die NHSV Dagbestuur vergader op 4 April 2020 en sal dan 'n finale besluit neem oor die datum van die Nasionale Kongres vir 2020.

Wanneer ’n mens kyk na die verloop van die Covid-19 virus in ander lande, verloop daar ’n 2 - 3 maande periode voordat daar ’n afplatting plaasvind.

Dit beïnvloed die datum van ons kongres en sal dit moontlik moet skuif na die September 2020 vakansie. Die feit dat die skoolvakansie nou langer is as beplan, gaan die ander vakansies aangepas moet word om die dae op te vang.

Sodra ons seker is van die situasie in ons land, sal ons so gou moontlik vir julle terugvoer gee.

Wees veilig en kyk mooi na julleself en julle gesinne.

NHSV Groete

(get) MARI-LIZé BEUKES
VOORSITTER
NHSV HOOFBESTUUR